education

Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

PROVINSIALE ASSESERING

GRAAD 11

GESKIEDENIS V2

NASIENRIGLYNE

NOVEMBER 2019

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 18 bladsye en 3 bladsye wat die kognitiewe vlakke aandui.

Kopiereg voorbehou

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke word gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIG VAN VRAE
VLAK 1 (V1)	• Ontrekking van inligting uit bronne • Seleksie en organisasie van relevante inligting uit bronne • Definieer historiese konsepte/terme	**30% (15)**
VLAK 2 (V2)	• Interpretasie van bewyse uit bronne • Verduidelik inligting versamel uit bronne • Analiseer bewyse uit bronne	**40% (20)**
VLAK 3 (V3)	• Bewyse uit bronne te evalueer en interpreteer • Ondersoek bronne om die bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings te bepaal • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in bronne en maak onafhanklike gevolgtrekkings	**30% (15)**

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer moet word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae, moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet klem geplaas word op hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyne, is die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ‘n standpunt in te neem in die beantwoording van ‘tot watter mate’ vrae om enige punte te verdien.

1.3 Assesseringsprosedure vir brongebaseerde vrae:

- Gebruik ‘n regmerkie (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Aandag moet gegee word aan die nasien voorbeeld: (2 x 2) reg, dus twee feite en twee punte vir elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte word toegeken (✓✓).
- As ‘n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

Paragraafvraag

Paragrawe moet as geheel (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in ag geneem word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ‘n antwoord van ‘n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en sit ‘n kol (.) by elke punt binne die teks wat die kandidaat gegee het wat relevante bewyse bevat om die vraag te beantwoord.

- Lees weer die paragraaf en evalueer die mate waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die vraag te beantwoord.
- Maak 'n regmerkie (✓) toegeken aan die kandidaat aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort opmerking bv.

  _____. _____. _____
  _____. _____. _____
  ✓✓✓✓ Vlak 2

- Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf. Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae en skryf dan die punt in die regterkantste onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat oorgedra word na die voorblad van die antwoordeboek.

2. OPSTELVRAE

2.1 **Die opstelvrae vereis van kandidate:**

- Om in staat te wees om hul 'n argument op 'n logiese en samehangende wyse te struktueer. Hulle moet selekteer, organiseer en die relevante inligting bymekaarvoeg, sodat hulle die vraag kan beantwoord met 'n redelike opeenvolging van feite of deur 'n effektiewe argument aan te bied. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae:**

- Nasieners moet daarvan bewus wees dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke in gebruik by die spesifieke sentrum.
- Kandidate mag enige ander relevante inleiding en/of gevolgtrekking hê wat nie in 'n spesifieke nasienriglyn vir die opstel vervat is nie.
- By die assesering van opstelvrae, moet leerders krediet gegee word vir enige ander relevante antwoorde.

2.3 **Globale assessering van die opstel:**

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar word nie van 'n leerder verwag om slegs inhoud 'feite' neer te skryf om 'n hoë punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model' antwoorde voor te berei en neer te skryf, sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van die opstel gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Holistiese nasien, anders as inhoudsgebaseerde nasien, penaliseer nie ontoereikende taalgebruik nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie van 'n argument.
- Die toepaslike seleksie van feitlike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 Assesseringsprosedures van die opstel:

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Met die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir ‘n relevante inleiding (aangedui met ‘n kol in die nasienriglyne/memorandum), vir elk van die hoofpunte/aspekte wat behoorlik gekontekstualiseer is (aangedui met kolpunte in die nasienriglyne/memorandum) en ‘n relevante slotopmerking (aangedui met kolpunte in die nasienriglyne/memorandum) bv. in ‘n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL struktuur in gedagte in die assessering van ‘n opstel.

P	**Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ‘n argument/’n duidelike hoofpunt. Elke paragraaf moet ‘n punt bevat wat die hoofpunt (agument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun.
E	**Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is.
E	**Voorbeeld:** Die candidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou.
L	**Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is.

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van ‘n opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer is nie — **Λ**
- Verkeerde stelling — _____
- Irrelevante stelling — |
|
|
- Herhaling — **R**
- Analise — **A**√
- Interpretasie — **1**√
- Argument — LOA ↕

2.5 **Die matriks:**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria soos in die matriks uiteengesit, gebruik word. Wanneer die opstel nagesien word, moet beide die inhoud en aanbieding geassesseer word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmoment gedek is en die **inhoudsvlak** (op die matriks) word toegeken.

C	VLAK 4	

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** beoordeel word

C	VLAK 4	
P	VLAK 5	

(c) Ken 'n **algehele** punt toe met behulp van die matriks.

C	VLAK 4	} 30–33
P	VLAK 5	

NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

	VLAK 7	**VLAK 6**	**VLAK 5**	**VLAK 4**	**VLAK 3**	**VLAK 2**	**VLAK 1**
AANBIEDING → **INHOUD** ↓	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend, of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudkeuse ten volle relevant tot die argument wat gevolg is,	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is.	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoorde. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20–23	18–19	14–17
VLAK 1 Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

***Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Antwoord sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1– 6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; geringe poging om die opstel te struktureer = 7–13

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: HOE HET DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS JEUGLIGA (ANCJL) DIE OPKOMS VAN AFRIKA-NASIONALISME IN DIE 1940's BEïNVLOED?

1.1

1.1.1 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 1A – V1]*

- Die beleid om aparte fasiliteite binne dieselfde gemeenskap vir gebruik deur 'n spesifieke groep, te skep.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Jeugliga se eerste president.

(1 x 1) (1)

1.1.3 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Nelson Mandela
- Oliver Tambo
- Walter Sisulu
- Ashley Mda (4 x 1) (4)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

a)

- Swart Afrikane moet veg vir ontwikkeling, groei en nasionale bevryding om hul regmatige plek onder die nasies in die wêreld in te neem.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

b)

- Moet verenig, gekonsolideer, opgelei en gedissiplineer word omdat toekomstige leiers uit hul geledere gewerf sal word.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Om die bevrydingsstryd te versterk.
- Gebruik metodes soos stakings, boikotte en ander versetoptredes.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.2.

1.2.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Werkers het geweier om te werk vir die bestaande lone.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.2.2 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 1B – V2]*

Nege werkers is dood.

- Meer as 1248 was beseer. (2 x 1) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Tydelike en ongeskoolde werkers wat sistematies van een gebied na ’n ander beweeg en hul dienste op ‘n tydelike basis aanbied.
- Werkers is lae salarisse betaal
- Werkers het lang ure bewerk soner om betaal
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Verhinder werkers om kontak met vakbond organiseerders te hê.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.3

1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Werkers is ongelukkig oor die bestaande lone en is gereed om te staak.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V3]*

BRUIKBAAR

- Dit is ‘n plakkat wat eerstehandse kennis bevat van wat in 1946 gebeur het..
- Dit is geloofwaardig omdat die staking CONETU en AMU insluit.
- Toon die erns van die werkers se eise oor die bestaande lone en die motivering om segregasie binnelands te beveg.
- Dit was geneem in 1946, wat die jaar was wat werkrs geweier het om vir lae lone te werk.
- Enige ander relevante antwoord.

NIE-BRUIKBAAR

- Dit is ‘n subjektiewe mening oor die frustrasie van die werkers oor die bestaande lone en segregasie in die land.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

1.4

1.4.1 *[Ontrekkinge van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Die relatiewe sukses wat met werkersklasaktivisme, veral deur die vakbondbeweging, behaal is.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Sommige ANC-lede was ten gunste van ‘n veelrassige opposisie beweging.
- Minderheidsgroep (Afrikaniste) voel dat Afrikane hulself alleen moet organiseer.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Robert Sobukwe (1 x 1) (1)

1.5 *[Vergelyking van Bron 1B en Bron 1C om ooreenkoms te bepaal – V3]*

- Beide bronne 1B en 1C verwys na die 1946 Mynwerkersstaking.
- Beide bronne verwys na die eise van die werkers oor die bestaande lone.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.6 [Interpretasie, begrip en sintese van bewyse uit Bron 2A, 2B, 2C en 1D – V3]

Kandidate behoort die volgende aspekte in hul antwoorde in te sluit:

- ANC-Jeugliga bevorder 'n militante nasionalisme.
- Kritiseer die ouer lede van die ANC.
- Beklemtoon selfonderhoud en selfbeskikking.
- Afrikane moet opstaan en veg vir hul regte.
- Afrikane moet trots en selfvertroue ontwikkel.
- Besef die noodsaaklikheid om alle onderdruktes in te sluit.
- Sommiges het in eksklusiewe nasionalisme geglo.
- Gebruik stakings, boikotte, wegbly-aksies en burgerlike ongehoorsaamheid.
- Program van Aksie teen apartheid in 1949 aangeneem.
- Versetveldtog
- Vryheidshandsves
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse bv. **toon min of geen begrip van die invloed van die ANC-Jeugliga op Swart nasionalisme in die 1940's.** • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.	**PUNTE: 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou in groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip van die invloed van die ANC- Jeugliga op Swart nasionalisme in die 1940's.** • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier.	**PUNTE: 3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. **toon 'n deeglike begrip van die invloed van die ANC Jeugliga op Swart nasionalisme in die 1940's.** • Bewyse hou deeglik verband met die onderwerp. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE: 6–8**

(8)

[50]

VRAAG 2: WATTER FAKTORE HET TOT DIE OPKOMS VAN AFRIKANER-NASIONALISME GELEI?

2.1

2.1.1 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2A – V1]*

- 'n Soort van burgerlike godsdiens wat geskiedenis van Afrikaners beheer met die amptelike taal, Afrikaans en Afrikaner-Calvinisme as sleutelsimbole.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Anti-Britse sentiment wat sterk onder die Afrikaners ontwikkel het na die Boereoorlog.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Broederbond
- Nasionale Party
- FAK
- Instituut vir Christelike Nasionale Onderwys
- Wit Werkers Beskermingsvereniging (3 x 1) (3)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Afrikaans is een van die sleutelsimbole van Afrikaner-nasionalisme.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Deur die Eeufeesvieringe van die Groot Trek.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Om Afrikaneridentiteit te vorm.
- Om Afrikaners aan hul geskiedenis te herinner.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Opgewonde skares in Voortrekkerdrag het optog verwelkom.
- Strate is hernoem na Voortrekkerhelde.
- Jongmense het langs die ossewaens getrou.
- Ouers het hul babas in die skadu van die waens gedoop. (enige 2 x 1) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Kaapstad (Kaapkolonie) was 'n Britse kolonie.
- Noord verwys na gebiede wat nie deur Britte beset was nie.
- Voortrekkers wou hulself regeer.
- Voortrekkers wou vry van Britse beheer wees.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

2.3

2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Wys mense in die straat wat kyk na die Eeufeesvieringe van die Groot Trek.
- Volwassenes en kinders in Voortrekkerdrag op die ossewa is deel van die optog.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

BRUIKBAAR

- Dit is 'n primêre bron/ Geneem in 1938 en het eerstehandse inligting bevat oor wat in 1938n gebeur het.
- Die Groot Trek was 'n historiese gebeurtenis in die Afrikaner-geskiedenis.
- Dit is geloofwaardig want dit was deel van die Eeufeesvieringe van die Groot Trek.
- Eeufeesvieringe is goed deur Afrikaners ondersteun.
- Afrikaner seuns en dogters vorm ook deel van feesvieringe.
- Belangrikheid in die vorming van 'Afrikaner' identiteit.
- Geen bewyse dat anderkleuriges deelgeneem het nie.
- Enige ander relevante antwoord.

NIE-BRUIKBAAR

- Wys slegs die ondersteuning van Afrikaners en geen bewyse dat anderskleuriges deelgeneem het nie.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

2.4 *[Vergelyking van Bron 2B en Bron 2C om ooreenkomste te bepaal – V3]*

- Beide bronne verwys na die Eeufeesvieringe van die Groot Trek.
- Beide bronne verwys na opgewonde skares in Voortrekkerdrag wat die optog verwelkom soos dit dorpe en stede nader.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A en 2D – V2]*

- Brittanje (1 x 1) (1)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Smuts het bygedra tot die beleidsbesluite van die Geallieerde magte.
- Smuts was veldmaarskalk van die Britse lëer gewees.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Smuts het die beleid van apartheid as onprakties beskou.
- Om wette rakende stedelike swartes, paswette en die sosio-ekonomiese omstandighede van trekarbeiders te ondersoek.
- Verskille tussen Afrikaners en ander rasse moes erken word.

- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse uit Bronne 2A, 2B, 2C en 2D – V3]*

Kandidate behoort die volgende aspekte in hul antwoorde in te sluit:

- Anglo-Boereoorlog lei tot haat teenoor Brittanje.
- Engelssprekende blankes wil nie hul Britse burgerskap prysgee nie.
- Nasionalisme versterk soeke na selfbestuur.
- Mense met dieselfde taal, kultuur en afkoms wil hulself regeer.
- Nasionalisme word bevorder deur dieselfde kultuur, taal en ras.
- Afrikaners wil hulself regeer.
- Simboliese herdenking van Groot Trek in 1938 het nasionalisme aangewakker.
- Eufeesvieringe versterk nasionalisme.
- NP-beleid bevoordeel Afrikaners ekonomies en polities.
- Broederbond en ander organisasies (Sanlam en Volkskas) moes armoede van Afrikaners aanspreek.
- Volkskapitalisme as moontlike oplossing vir die arm-Blanke probleem.
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om ‘n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse bv. **toon min of geen begrip van die faktore wat tot die opkoms van Afrikaner-nasionalisme gelei het.** • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.	**PUNTE: 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp bv. **toon begrip van die faktore wat tot die opkoms van Afrikaner-nasionalisme gelei het.** • Gebruik bewyse op ‘n baie eenvoudige manier.	**PUNTE: 3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. **toon ‘n deeglike begrip van die faktore wat tot die opkoms van Afrikaner-nasionalisme gelei het.** • Bewyse hou deeglik verband met die onderwerp. • Gebruik bewyse baie effektief in ‘n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE: 6–8**

(8)

[50]

VRAAG 3: WAT WAS DIE INVLOED VAN DIE APARTHEIDSBELEID OP DIE SWART MENSE IN SUID-AFRIKA IN DIE 1950's?

3.1

3.1.1 *[Definieer historiese konsep uit Bron 3A – V1]*

- Die afsonderlike ontwikkeling van die verskillende rassegroepe in S.A.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Die Nasionale Party regering. (1x 1) (1)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Mense wreed en gewelddadig gedwing om afsonderlik te lewe.
- Grootste deel van die bevolking ernstig benadeel.
- Straf diegene wat nie saamstem nie.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Probleme van rassisme beklemtoon.
- Wêreld laat wegskram van sulke beleide.
- Eise vir dekolonisasie aangemoedig.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- Definieer mense in verskillende rassegroepe.
- Definieer tot watter spesifieke rassegroep elkeen behoort.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- Blank
- Kleurling
- Bantoe (Swart Afrikaan)
- Ander (1 x 4) (4)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Ondersteun die beleid van Apartheid.
- Een van die hoekstene van Apartheid.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Verneder hul tot tweedeklas landsburgers.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

3.3

3.3.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- As daar twyfel bestaan het oor 'n persoon se rasseklassifikasie.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 1) (1)

3.3.2 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3C – V2]*
- Soms verwerp deur ander lede van hul familie
- of deur ander in hul gemeenskap.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 1) (2)

3.3.3 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3C – L2]*
- Dit wys ‘n persoon se rasseklassifikasie.
- Adres en naam van werkgewer.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 1) (2)

3.4

3.4.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Sy is nie as wit aanvaar nie.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

3.4.2 [Ontrekking van bewyse uit Bron 3D – V2]
- Die reg tot ‘n familie.
- Die reg tot onderwys.
- Die reg om ‘n werk te hê.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

3.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Haar familie het haar verwerp en sy sal nooit weer haar kinderjare terug kry nie.
- Haar toekoms is vernietig.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

3.5 [Vergelyking van Bron 3A en Bron 3D om ooreenkomste te bepaal – V3]
- Beide bronne 3C en 3D vewys na die klassifikasie van mense in verskillende rassegroepe tydens apartheid.
- Beide bronne verwys na die probleme van rasseklassifikasie.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse uit Bronne 3A, 3B, 3C en 3D – V3]*

Kandidate behoort die volgende aspekte in hul antwoorde in te sluit:

- Hulle het geen politieke regte gehad nie.
- Hulle is in 'n sekere bevolkingsgroep gedwing.
- Foutiewe klassifikasie het families laat opbreek.
- Van hul basiese menseregte ontneem.
- Verneder tot tweedeklas burgers.
- Ongelyke behandeling.
- Sekere fasiliteite kon nie gebruik word nie.
- Hulle is gedwing om passe te dra.
- Onderrig om ongeskoolde werk te doen.
- Sommige het hul werk verloor.
- Nie erken as burgers van Suid-Afrika nie.
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse bv. **toon min of geen begrip van die invloed wat apartheid op die swart Suid-Afrikaners in die 1950's gehad het.** • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.	**PUNTE: 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp bv. **toon begrip van die invloed wat apartheid op die swart Suid Afrikaners in die 1950's gehad het.** • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier.	**PUNTE: 3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. **toon 'n deeglike begrip van die invloed wat apartheid op die swart Suid-Afrikaners in die 1950's gehad het.** • Bewyse hou deeglik verband met die onderwerp. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE: 6–8**

(8)

[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: OPKOMS VAN AFRIKA NASIONALISME

[Beplan en bespreek 'n argument gebaseer op bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]

SINOPSIS
Kandidate moet fokus op die rol wat Kwame Nkrumah in Ghana se stryd tot onafhanklikheid gespeel het.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet hul argument stel en met relevante bewyse ondersteun. Fokus op die 'Goudkus' as 'n Britse kolonie en die rol wat Nkrumah in die onafhanklikheidstryd van Ghana gespeel het.

UITBREIDING

- In 1948 is Nkrumah genooi om die sekretaris van die UGCC te word
- UGCC het 'n dinamiese politieke beweging met baie plaaslike takke geword
- Januarie 1948 – stakings en boikotte
- Geweld, oproer en onluste in Februarie 1948
- Nkrumah het die UGCC in 1949 verlaat om 'n meer radikale nasionalistiese party, die Convention People's Party te stig met 'Selfregering nou' as doelwit
- CPP het 'n massabeweging geword
- Nkrumah het die Britse voorstel van 'n nuwe konstitusie verwerp
- Nkrumah gevange geneem en toe hy vrygelaat is, het hy 'n nuwe regering gevorm
- Voortgesette protes duur voort tot datum van onafhanklikheid in Maart 1957
- Goudkus het op 6 Maart 1957 onafhanklik geword
- Naam verander na Ghana
- Nkrumah het die eerste president geword
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking afsluit**.**

[50]

VRAAG 5: OPKOMS VAN AFRIKANER NASIONALISME

[Beplan en bespreek 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasie vaardighede]

SINOPSIS
Kandidate moet die ontstaan van Afrikaner nasionalisme bespreek deur te verwys na hul sosiale en kulturele bewegings en ekonomiese programme vanaf 1924–1948.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte by hul antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet hul argument met relevante bewyse ondersteun. Verwys na ontstaan van Afrikaner nasionalisme: hul sosiale en kulturele bewegings en ekonomiese programme vanaf 1924–1948.

UITBREIDING

STEM SAAM

- 'Afrikaner' is beskryf as 'n groep mense wat Afrikaans praat
- Afrikaners het as 'n groep ontstaan na die integrering van verskeie Europese nasionaliteite aan die Kaap
- Die gevoel van nasionale identiteit tussen Afrikaners het versterk gedurende die twee Anglo-Boere oorloë
- Mei 1910 – Suid-Afrika het grondwetlike onafhanklikheid van Brittanje verkry
- Suid-Afrika was steeds deel van Britse Ryk gewees
- Rol van Hertzog se Pakt koalisie regering (soewereine onafhanklikheid van Brittanje, Afrikaanse taalkwessie en die vlag)
- Die rol van die Broederbond (AB), die FAK, in die versekering van die voortleef van die Afrikaanse taal en kultuur
- Nasionale Pers – het Afrikaanse nasionalistiese koerante gepubliseer, Die Burger en Die Transvaler
- Eeufeesviering van Die Groot Trek het gelei tot oplewing van Afrikaner eenheid en trots in hul kultuur
- 1932 – Carnegie kommissie van ondersoek in 'armblankes'
- Ekonomiese oplewing deur die FVB en RDB ondersteun
- Die skepping van Sanlam, Santam en Volkskas Bank
- Afrikaner 'Volk' ideologie poog om Afrikaners volgens ras en taal te verenig
- Onderwys moes eenheid van Volk as 'nasie' skep
- Godsdiens bepaal 'suiwer en apart' bly
- Afrikaner vakbonde is gevorm
- Die impak vanTweede Wêreldoorlog op Afrikaner nasionalisme
- Die 1948-verkiesing – aanloop en nalatenskap
- Enige ander relevante antwoord

STEM NIE SAAM

- As kandidate nie saamstem nie, moet hul met relevante bewyse hul antwoord ondersteun.

- Slot**:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking afsluit.

[50]

VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA 1946 tot 1960

[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasie vaardighede]

SINOPSIS
Kandidate moet die wyse hoe die apartheidsregime die weerstandsbewegings gewelddadig onderdruk en hul geforseer het om hul taktiek te verander, bespreek.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende in hul antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet hul argument stel en met relevante bewyse ondersteun. Die weerstandsbewegings het 'n meer aggressiewe en gewelddadige manier van weerstand aangeneem in die 1960's.

UITBREIDING

- Sharpeville polisiestasie 21 Maart 1960
- Protesoptog teen paswette
- Polisie begin skiet – Sharpeville slagting
- Regering kondig noodtoestand af om weerstand teen te staan
- Die nuwe Wet op Onwettige Organisasies aanvaar
- ANC en PAC word verban
- Party lede van ANC en PAC gaan ondergronds en duisende opgesluit
- In reaksie op regering se onderdrukking stig ANC Umkonto we Sizwe (MK) en PAC stig Poqo
- ANC en PAC begin gewapende stryd
- Umkonto we Siswe – dade van terreur teen staatsteikens, ekonomiese, politieke en kommunikasie infrastruktuur, aanvalle begin op 15 en 16 Desember 1961, vermy lewensverlies
- Poqo – gewelddadige sabotasieveldtog begin 22 November 1962, vermoor blankes opsetlik, asook swart polisiemanne en stamhoofde, wou massaterreur onder blankes uitlok, gaan ondergronds
- Staat vererger onderdrukking – Algemene Regswysigingswet 1963 aanvaar
- Polisie hou verdagtes aan onder Negentig Dae Detensiewet (sonder verhoor vir 90 dae)
- Junie 1963 polisieklopjag op geheime hoofkwartier van MK (Lilliesleaf Farm)
- Lede van Umkonto we Siswe gearresteer
- Rivonia verhoor begin November 1963
- 1964 – polisie het hardhandig al die interne vryheidsbewegings vernietig
- Nuwe en meer onderdrukkende wette het Suid-Afrika 'n polisiestaat gemaak
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking afsluit**.**

[50]

GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou